Salaristabel vir Predikante
1 Maart 2024 tot 28 Februarie 2025
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Kerf intervalle aanpassings | verhogings

Die Algemene Sinode se Taakspan vir Fondse en Bates (ATFB) en die Taakspan vir Predikantesake (ATP) het gedurende November 2023 aanbeveel dat 'n 3% *verhoging* op kerf 1 gemaak word en met die verhoogde kerf 1 as basis, die daaropvolgende kerwe deurgaans met 5% *aan te pas.*
By sommige intervalle sal die verhoging dus meer wees en by ander intervalle laer. Hierdie aanpassing was noodsaaklik sodat daar in die toekoms pariteit is tussen kerf-intervalle.

Gemeentes word aangemoedig om predikante vir die boekjaar 2024-2025 **op minstens dieselfde kerf as tans te vergoed (en nie noodwendig 'n kerf aanpassing ook te maak nie).**

Kerf	A 2023-2024	B 2024-2025	Traktement per jaar (13 paaiemente / bonus ingesluit)	Verhoging binne kerf
1	17 490	18 015	234 195	3.0%
2	18 147	18 915	245 895	4.2%
3	18 380	19 861	258 193	8.1%
4	19 122	20 854	271 102	9.1%
5	19 854	21 897	284 661	10.3%
6	20 787	22 992	298 896	10.6%
7	22 218	24 141	313 833	8.7%
8	23 638	25 348	329 524	7.2%
9	24 906	26 616	346 008	6.9%
10	26 418	27 947	363 311	5.8%
11	27 930	29 344	381 472	5.1%
12	29 421	30 811	400 543	4.7%
13	30 944	32 352	420 576	4.6%
14	32 445	33 969	441 597	4.7%
15	33 947	35 668	463 684	5.1%
16	35 448	37 451	486 863	5.7%
17	36 700	39 324	511 212	7.1%

Voertuig- en vervoertoelae: Gebruik die SAID se tabel
Die ATP het aanbeveel dat kerkvergaderings die SAID se tabel vir die betrokke finansiële jaar gebruik.
Sien SARS se webwerf vir detail – 2024 se kennisgewings: https://www.sars.gov.za Gaan na *Legal Counsel / Secondary Legislation / Income Tax Notices / Fixing of rate per kilometre.*)

In die lig van die verhoogde brandstofpryse word **aanbeveel dat 'n 10% aanpassing gemaak word vir begrotingsdoeleindes**. **Sodra die SAID tabelle beskikbaar is in Maart 2024, moet die korrekte aanpassings gemaak word.**

Finansiële jaar	Voertuigwaarde	Vastekoste pj	Kilometers: 18 000	Motortoelaag pj	Motortoelaag pm
2023/24 was	200 000 - 300 000	86 958	R2,32 /km = 41 778	128 736	10 728
2024/25 10% aanbeveling	200 000 - 300 000	95 654	45 956	141 610	11 801

Reiskoste: Rings- en sinodale vergaderings = R3,00 per kilometer
Die reistoelaag vir die bywoon van vergaderings van die Ring of die Sinode verhoog na **R3,00** per kilometer vir ontvangers van 'n voertuig- en vervoertoelae. Persone wat nie self die vaste koste komponent ontvang nie, ontvang **R3,60** per kilometer.